Noodhulp

Spinnekopbyte

3 groepe belangrike spinnekoppe:

1. Knopiespinnekoppe
2. Vioolspinnekoppe
3. Sakspinnekoppe

Sakspinnekoppe:

Sakspinnekoppe het sitotoksiese gif en is verantwoordelik vir die meeste giftige byte in Suid-Afrika.
Baie algemeen in huise, maak sy-agtige neste in hoeke en ook in gordyne en klere.
Hulle byt baie maklik en herhaaldelik.
Word uitgeken aan die donker, strooi-agtige lywe en swart gesiggies.
Beweeg snags.

Simptome:

1. Byt gewoonlik snags.
2. Lang kake dring deur T-hemp
3. Bytplek wys 2 geel-groen kolletjies 4 - 8mm van mekaar.
4. Binne 24 uur verdwyn die kolletjies en die plek word rooi, geswel en pynlik.
5. ‘n Bloederige seer ontwikkel oor 4 - 5 dae.
6. Bloedblaas heel na 2 weke en ‘n blou kneusplek ontwikkel.
7. Simptome baie soortgelyk aan die van bosluiskoors.

Behandeling:

Pas algemene noodhulp toe.

Bron: *Croucamp, W: Spider- bites - diagnosis and management*